

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

EN VOLMAG

[www.clover.co.za](http://www.clover.co.za)



**Clover**  
Way Better™

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

## CLOVER INDUSTRIES BEPERK

(Registrasienuommer 2003/030429/06)  
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)  
(Gewone aandeelkode: CLR)  
(NSX gewone aandeelkode: CLN)  
(ISIN: ZAE000152377)  
(die "Maatskappy")

### A. Kennisgewing

Kennis geskied hiermee van die algemene jaarvergadering (die "algemene jaarvergadering") van die Maatskappy, of enige verdagting of uitstel daarvan, wat om 10:00 op Vrydag, 27 November 2015 by Constantiarylaan 200, Constantia Kloof, Roodepoort, gehou gaan word.

Aandeelhouers of hulle gevolmagtigdes of verteenwoordigers mag by wyse van 'n telekonferensie-oproep deelneem aan (maar nie stem nie op) die algemene jaarvergadering en, indien hulle verlang om dit te doen:

- moet hulle teen nie later nie as om 12:00 op Vrydag, 20 November 2015, met die Maatskappysekretaris (per e-pos by die adres [jacques.vanheerden@clover.co.za](mailto:jacques.vanheerden@clover.co.za)) in verbinding tree om 'n PIN en inbelbesonderhede vir dié konferensie-oproep te bekom;
- sal hulle redelik bevredigende identifikasie (in die vorm van, onder andere, geldige identiteitsdokumente, bestuurslisensies en paspoorte) moet verskaf; en
- sal hulle afsonderlik deur hulle eie telefoondiensverskaffers gedebiteer word vir hulle telefoonoproep om aan die algemene jaarvergadering deel te neem.

Aandeelhouers en hulle gevolmagtigdes en verteenwoordigers sal nie telefonies op die algemene jaarvergadering kan stem nie en sal steeds 'n gevolmagtigde of verteenwoordiger moet aanstel om namens hulle op die algemene jaarvergadering te stem.

### B. Wie mag bywoon en stem

Die direksie van die Maatskappy (die "direksie") het besluit dat die rekorddatum om te bepaal watter aandeelhouers van die Maatskappy (die "aandeelhouers") geregtig is om kennis van die algemene jaarvergadering te ontvang Vrydag, 18 September 2015 is, en die rekorddatum om te bepaal watter aandeelhouers geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem Vrydag, 20 November 2015 is. Gevolglik sal slegs aandeelhouers wat teen die laaste handelsdag, te wete Vrydag, 13 November 2015, handel gedryf het en op Vrydag, 20 November 2015 in die Maatskappy se aandeleregister opgeteken is, geregtig wees om die algemene

jaarvergadering by te woon, daaraan deel te neem en daarop te stem.

Houers van gewone aandele in die Maatskappy sal geregtig wees om ten opsigte van al die besluite wat op die algemene jaarvergadering aan aandeelhouers voorgestel word, te stem. Indien u gedematerialiseerde aandele hou wat in u eie naam geregistreer is of indien u die geregistreerde houër van gesertifiseerde aandele is:

- mag u die algemene jaarvergadering persoonlik bywoon; of
- mag u 'n gevolmagtigde (wat nie 'n aandeelhouer hoef te wees nie) aanstel om u op die algemene jaarvergadering te verteenwoordig deur die aangehegte volmagvorm in ooreenstemming met die opdragte wat daarin vervat is in te vul en dit aan die oordragsekretaris terug te stuur sodat dit teen nie later nie as om 10:00 op Donderdag, 26 November 2015 ontvang word. Enige volmagvorms wat nie teen dié tyd ingedien word nie, moet onmiddellik voor die aanvang van die algemene jaarvergadering aan die voorsitter van die algemene jaarvergadering ("voorsitter") oorhandig word.

Indien u gedematerialiseerde aandele hou wat nie in u eie naam geregistreer is nie:

- en die algemene jaarvergadering persoonlik wil bywoon, moet u die nodige magtigings-/vertteenwoordigingsbrief van u SSBd of makelaar verkry om dit te kan doen;
- en nie die algemene jaarvergadering wil bywoon nie maar wil hê dat u stem op die algemene jaarvergadering opgeteken word, moet u met u SSBd of makelaar in verbinding tree en hulle van u stemopdragte voorsien; en
- moet u nie die aangehegte volmagvorm invul nie.

Alle deelnemers op die algemene jaarvergadering sal redelik bevredigende identifikasie (in die vorm van, onder andere, geldige identiteitsdokumente, bestuurslisensies en paspoorte) aan die voorsitter moet verskaf.

### C. Doel van die algemene jaarvergadering

Die doel van die algemene jaarvergadering is om die volgende sake af te handel:

- om die gekonsolideerde geouditeerde finansiële jaarstate van die Maatskappy en die Clover-groep vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2015 ("finansiële jaarstate"), welke finansiële jaarstate deel vorm van, en vervat word in, die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2015 wat by

hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering aangeheg word, aan te bied en daarvan kennis te neem. Hierdie kennisgewing van algemene jaarvergadering en die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2015 is ook op die Maatskappy se webwerf ([www.clover.co.za](http://www.clover.co.za)) beskikbaar;

- om kennis te neem van die uittrede volgens rotasie van sekere direkteure soos in die Maatskappy se akte van oprigting (die "AO") beoog en om die herkiesing van daardie einste direkteure voor te stel en daarop te stem;
- om die volgende voor te stel en daarop te stem:
  - die heraanstelling van die onafhanklike eksterne ouditeure vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2016; en
  - die verkiesing van die lede van die onafhanklike audit- en risikokomitee van die Maatskappy ("onafhanklike Oudit- en Risikokomitee");
- om die Clover-groep se vergoedingsbeleid ("Clover-groep se Vergoedingsbeleid") goed te keur;
- om die voorsitter van die maatskaplike en etiekkomitee ("Maatskaplike en Etiekkomitee") 'n geleentheid te gee om aan die aandeelhouers verslag te doen soos in regulasie 43 van die Maatskappyregulasies bepaal; en
- om al die besluite wat hieronder uiteengesit word, te oorweeg en, indien goedgevind, dit met of sonder enige wysiging aan te neem.

### D. Gewone sake

#### 1. Gewone besluit nommer 1:

##### Aanbieding van finansiële jaarstate

###### 1.1 Besluit

Om die finansiële jaarstate, insluitend die direkteursverslag, die ouditeursverslag, die verslag deur die Oudit- en Risikokomitee en die verslag deur die Maatskaplike en Etiekkomitee, vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2015, soos in die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2015 vervat, in ooreenstemming met die bepalings van die Maatskappywet te ontvang en daarvan kennis te neem.

###### 1.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouers wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

## 2. Gewone besluit nummer 2: Herkiesing van Dr SF Booysen ('n direkteur wat volgens rotasie uitgetree het) tot 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

### 2.1 Besluit

Om Dr SF Booysen ('n uittredende direkteur van die Maatskappy wat verkiesbaar is en hom herkiesbaar gestel het) met onmiddellike inwerkingtreding ooreenkomstig klousule 36 van die AO tot 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy te herkies.

### 2.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

### 2.3 Hier volg 'n kort biografie van Dr SF Booysen:

Dr SF Booysen het 'n doktorsgraad in Handel aan die Universiteit van Pretoria behaal en is 'n gekwalifiseerde Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika). Hy was van 2004 tot 2009 die Groepbedryfshoof van Absa Bank Beperk.

## 3. Gewone besluit nummer 3: Herkiesing van Mnr JNS du Plessis ('n direkteur wat volgens rotasie uitgetree het) tot 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

### 3.1 Besluit

Om Mnr JNS du Plessis ('n uittredende direkteur van die Maatskappy wat verkiesbaar is en hom herkiesbaar gestel het) met onmiddellike inwerkingtreding ooreenkomstig klousule 36 van die AO tot 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy te herkies.

### 3.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

### 3.3 Hier volg 'n kort biografie van Mnr JNS du Plessis:

Mnr JNS du Plessis het 'n BCom LLB-graad aan die Universiteit Stellenbosch behaal. Hy is in 1974 tot die balie toegelaat en het in 1989 'n senior advokaat geword. Hy het van tyd tot tyd as 'n waarnemende regter van die Hooggeregshof gedien. Hy is in diens van, en dien in die direksie van, Steinhoff International Eiendoms Beperk.

## 4. Gewone besluit nummer 4: Herkiesing van Me NV Mokhesi ('n direkteur wat volgens rotasie uitgetree het) tot 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

### 4.1 Besluit

Om Me NV Mokhesi ('n uittredende direkteur van die Maatskappy wat verkiesbaar is en haar herkiesbaar gestel het) met onmiddellike inwerkingtreding ooreenkomstig klousule 36 van die AO tot 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy te herkies.

### 4.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

### 4.3 Hier volg 'n kort biografie van Me NV Mokhesi:

Me NV Mokhesi het 'n BCom-graad (Universiteit van Lesotho) en AMP (Insead, Frankryk). Sy het meer as 25 jaar korporatiewe ondervinding in Bemaking, Strategie en sosiaal-ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe en dien op ander rade.

## 5. Gewone besluit nummer 5: Heraanstelling van onafhanklike eksterne ouditeure

### 5.1 Besluit

Om Ernst & Young Incorporated op aanbeveling van die huidige Oudit- en Risikokomitee weer as die onafhanklike geregistreerde ouditeure van die Maatskappy aan te stel en om kennis te neem dat Mnr SJJ Strydom die individuele geregistreerde ouditeur sal wees wat die oudit gedurende die daaropvolgende finansiële jaar eindigende 30 Junie 2016 sal uitvoer.

### 5.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

## 6. Gewone besluit nummer 6: Verkiesing van Dr SF Booysen tot 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee

### 6.1 Besluit

Onderworpe aan die aanname van gewone besluit nummer 2, om Dr SF Booysen, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, tot 'n lid van die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee

vir die daaropvolgende finansiële jaar eindigende 30 Junie 2016 te verkies en om enige handeling van Dr SF Booysen in afwagting van sy aanstelling in die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee sedert 1 Julie 2015 te bekragtig. Soos blyk uit Dr SF Booysen se biografie (wat hieronder verskyn) het hy die vereiste kwalifikasies en/of ondervinding om sy pligte as 'n komiteelid uit te voer.

### 6.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

### 6.3 Hier volg 'n kort biografie van Dr SF Booysen:

Dr SF Booysen het 'n doktorsgraad in Handel aan die Universiteit van Pretoria behaal en is 'n gekwalifiseerde Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika). Hy was van 2004 tot 2009 die Groepbedryfshoof van Absa Bank Beperk.

## 7. Gewone besluit nummer 7: Verkiesing van Mnr JNS du Plessis tot 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee

### 7.1 Besluit

Onderworpe aan die aanname van gewone besluit nummer 3, om Mnr JNS du Plessis, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, tot 'n lid van die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee vir die daaropvolgende finansiële jaar eindigende 30 Junie 2016 te verkies en om enige handeling van Mnr JNS du Plessis in afwagting van sy aanstelling in die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee sedert 1 Julie 2015 te bekragtig. Soos blyk uit Mnr JNS du Plessis se biografie (wat hieronder verskyn) het hy die vereiste kwalifikasies en/of ondervinding om sy pligte as 'n komiteelid uit te voer.

### 7.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

### 7.3 Hier volg 'n kort biografie van adv. JNS du Plessis:

Mnr JNS du Plessis het 'n BCom LLB-graad aan die Universiteit Stellenbosch behaal. Hy is in 1974 tot die balie toegelaat en het in 1989 'n senior advokaat geword. Hy het van tyd tot tyd as 'n waarnemende regter van die Hooggeregshof gedien. Hy is in diens van, en dien in die direksie van, Steinhoff International Eiendoms Beperk.

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

## 8. Gewone besluit nummer 8: Verkiesing van Me B Ngonyama tot 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee

### 8.1 Besluit

Om Me B Ngonyama, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, tot 'n lid van die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee vir die daaropvolgende finansiële jaar eindigende 30 Junie 2016 te verkies en om enige handeling van Me B Ngonyama in afwagting van haar aanstelling in die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee sedert 1 Julie 2015 te bekragtig (onderworpe aan die aanname van gewone besluit nummer 3 hierbo). Soos blyk uit Me B Ngonyama se biografie (wat hieronder verskyn) het sy die vereiste kwalifikasies en/of ondervinding om haar pligte as 'n komiteelid uit te voer.

### 8.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

### 8.3 Hier volg 'n kort biografie van Me B Ngonyama:

Me B Ngonyama is 'n gegradueerde van die Universiteit van Transkei en is 'n gekwalifiseerde Geotrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika). Sy het ook 'n meestersgraad in Bedryfsadministrasie aan die Bond Universiteit behaal en het die *Women in Leadership*-program by die Harvard Universiteit voltooi. Sy was voorheen 'n vennoot by Deloitte & Touche.

## 9. Gewone besluit nummer 9: Verkiesing van Mnr TA Wixley tot 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee

### 9.1 Besluit

Om Mnr TA Wixley, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, tot 'n lid van die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee vir die daaropvolgende finansiële jaar eindigende 30 Junie 2016 te verkies en om enige handeling van Mnr TA Wixley in afwagting van sy aanstelling in die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee sedert 1 Julie 2015 te bekragtig (onderworpe aan die aanname van gewone besluit nummer 4 hierbo). Soos blyk uit Mnr TA Wixley se biografie (wat hieronder verskyn) het hy die vereiste kwalifikasies en/of ondervinding om sy pligte as 'n komiteelid uit te voer.

### 9.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

### 9.3 Hier volg 'n kort biografie van Mnr TA Wixley:

Mnr TA Wixley is deur die direksie as die Maatskappy se leidende onafhanklike direkteur aangestel. Hy het in 1959 'n BCom-graad aan die Universiteit van Kaapstad behaal en is 'n Geotrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika). Hy was 41 jaar (31 jaar as 'n vennoot en die afgelope 10 jaar as voorsitter) by EY Geink. en sy voorgangerfirmas. Hy is 'n lid van SAIGR se komitee oor maatskappyereg en die Aktuariële Bestuursraad.

## 10. Gewone besluit nummer 10: Goedkeuring van die Clover-groep se Vergoedingsbeleid

### 10.1 Besluit

Om die Clover-groep se Vergoedingsbeleid, soos in die Verslag oor Vergoeding op bladsye 54 tot 69 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2015 beskryf, by wyse van 'n niebindende adviesstem soos in die King III: Bestuurskode vir Suid-Afrika 2009 aanbeveel, te bevestig.

### 10.2 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie gewone besluit vereis die steun van 'n meerderheid van stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

## E. Spesiale sake

### 1. Spesiale besluit nummer 1: Algemene magtiging om aandele terug te koop

#### 1.1 Besluit

Die Maatskappy en/of enige van sy filiale is en word hiermee by wyse van 'n algemene magtiging gemagtig om van tyd tot tyd gewone aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is ooreenkomstig sodanige bepalinge en voorwaardes wat die direksie mag goedvind, kragtens die AO, artikel 48 van die Maatskappywet en die Noteringsvereistes van die JSE, te verkry, met dien verstande dat:

1.1.1 sodanige verkrygings deur middel van die bestelboek wat deur die JSE-handelstelsel bedryf word geïmplementeer, en sonder enige vooraf verstandhouding of reëling tussen die

Maatskappy en die teenparty, gedoen moet word (gerapporteerde transaksies is verbode);

1.1.2 sodanige algemene magtiging slegs tot die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy of die wysiging of herroeping van sodanige algemene magtiging deur middel van 'n spesiale besluit op enige daaropvolgende algemene vergadering van die Maatskappy geld, met dien verstande dat dit nie langer as 15 maande vanaf die datum van die aanname van hierdie besluit mag duur nie;

1.1.3 sodanige terugkoop nie teen 'n groter prys as 10% (tien persent) bo die geweegde gemiddelde van die markwaarde vir die aandele vir die 5 (vyf) sakedae onmiddellik voor die datum waarop die terugkoop plaasvind, gedoen mag word nie. Die JSE moet vir 'n beslissing geraadpleeg word indien die Maatskappy se sekuriteite nie in sodanige tydperk van vyf dae verhandel is nie;

1.1.4 wanneer die Maatskappy kumulatief 3% (drie persent) van die aanvanklike getal (die getal van daardie klas uitgereikte aandele wat uitgereik was toe algemene magtiging deur aandeelhouders verleen is) van die betrokke klas aandele teruggekoop het, en vir elke 3% (drie persent) in totaal van die aanvanklike getal van daardie klas wat daarna verkry is, 'n aankondiging gedoen moet word waarin die besonderhede wat ooreenkomstig die Noteringsvereistes van die JSE ten opsigte van sodanige terugkoop vereis word, verstrekkend word;

1.1.5 die Maatskappy ooreenkomstig die AO gemagtig is;

1.1.6 geen terugkope van aandele gedurende 'n verbode tydperk, soos in die Noteringsvereistes van die JSE beoog, gedoen mag word nie, tensy 'n terugkoopprogram in posisie is, die datums en hoeveelhede aandele wat gedurende 'n verbode tydperk verhandel mag word vasgestel is (nie onderhewig aan enige verandering nie) en volledige besonderhede van die program voor die aanvang van die verbode tydperk skriftelik aan die JSE geopenbaar is, soos vereis. Die Maatskappy moet 'n onafhanklike derde party wat nie beïnvloed is nie, wat sy beleggingsbesluite met betrekking tot die Maatskappy se aandele neem, opdrag gee om die terugkoopprogram

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

wat voor die aanvang van die verbode tydperk aan die JSE voorgelê is, ten uitvoer te bring;

- 1.1.7 die Maatskappy slegs een agent aanstel om te eniger tyd enige terugkoop/terugkope namens hom ten uitvoer te bring;
- 1.1.8 die totaal van sodanige verkrygings nie in enige enkele finansiële jaar 20% (twintig persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas soos aan die begin van die finansiële jaar mag oorskry nie;
- 1.1.9 'n besluit deur die direksie aangeneem is wat bevestig dat die direksie die algemene terugkoop gemagtig het, dat die Maatskappy die solvensie- en likiditeits-toets geslaag het en dat daar sedert die toets gedoen is geen wesenlike veranderinge in die finansiële posisie van die Maatskappy en die Clover-groep was nie;
- 1.1.10 enige sodanige algemene terugkope onderworpe is aan valutabeheerregulasies en goedkeuring op daardie tydperk; en
- 1.1.11 die totaal van sodanige verkrygings wat deur filiale van die Maatskappy gehou word nie 10% (tien persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal op enige enkele tydperk mag oorskry nie.

## 1.2 Verduideliking

Die rede vir en die uitwerking van hierdie spesiale besluit is om die Maatskappy en/of enige van sy filiale by wyse van 'n algemene magtiging, ooreenkomstig artikel 48 van die Maatskappywet en paragraaf 5.72 van die Noteringsvereistes van die JSE, te magtig om die aandele wat deur hom uitgereik is, te verkry ooreenkomstig sodanige voorwaardes wat die direksie mag goedvind. Enige aandele wat soos hierbo genoem deur die Maatskappy (in teenstelling met sy filiale) verkry word, moet gekanselleer en tot die status van gemagtigde maar onuitgereikte aandele in die kapitaal van die Maatskappy herstel word.

## 1.3 Verklaring van die direksie se voorneme

Die direksie het geen spesifieke voorneme om uitvoering aan die bepalings van spesiale besluit nummer 1 te gee nie, maar hy sal die Maatskappy se posisie nietemin, met inagneming van heersende omstandighede en marktoestande, voortdurend beoordeel by enige oorweging om uitvoering aan die bepalings van spesiale besluit nummer 1 te gee.

## 1.4 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie spesiale besluit vereis die steun van minstens 75% van die totale getal stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

## 2. Spesiale besluit nummer 2: Vergoeding van nie-uitvoerende direkteure

### 2.1 Besluit

Om die nie-uitvoerende direkteure se vergoeding met ingang van 1 Julie 2015 en soos hieronder aangedui goed te keur (en, in die nodige mate, te bekragtig):

2.1.1	Direksie	Informele verantwoordelikhede	Retensiegeld en vergadering	Dienste gelewer wat buite die bestek van dienste val	Totale gelde
2.1.2	Voorsitter	R26 276	R1 165 270	R1 985 per uur	R1 191 546
2.1.3	Leier onafhanklike direkteur	R26 276	R872 370	R1 985 per uur	R898 646
2.1.4	Visevoorsitter	R26 276	R370 550	R1 985 per uur	R396 826
2.1.5	Direksielede	R26 276	R294 400	R1 985 per uur	R320 676
<i>* Die voorsitter en leier onafhanklike direkteur se gelde sluit direksie- en alle komiteelidmaatskap in</i>					
2.2	<b>Komitees</b>	<b>Bywoningsgeld</b>			
2.2.1	<b>Oudit- en Risikokomitee</b>				
	(a) Voorsitter	R50 375			
	(b) Lid	R33 620			
2.2.2	<b>Vergoedingskomitee</b>				
	(a) Voorsitter	R47 275			
	(b) Lid	R21 450			
2.2.3	<b>Maatskaplike en Etiekkomitee</b>				
	(a) Voorsitter	R47 275			
	(b) Lid	R21 450			
2.2.4	<b>Benoemingskomitee</b>				
	(a) Voorsitter	R25 130			
	(b) Lid	R16 750			
2.2.5	<b>Ander onderkomitees</b>				
	(a) Voorsitter	R25 130			
	(b) Lid	R16 750			
2.2.6	<b>Ad hoc-komitees/ Ad hoc-direksievergaderings</b>				
	(a) Voorsitter	R13 770			
	(b) Lid	R9 180			
2.3	<b>Verduideliking:</b>	Die rede vir en die uitwerking van hierdie spesiale besluit is om die Maatskappy te magtig om vergoeding vir hulle dienste as direkteure van die Maatskappy vir die tydperk 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 aan sy nie-uitvoerende direkteure te betaal.			
2.4	<b>Goedkeuring:</b>	Die aanname van hierdie spesiale besluit vereis die steun van minstens 75% van die totale getal stemme waarop die aandeelhouders wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.			

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

## Spesiale besluit nummer 3: Finansiële bystand kragtens artikel 45 van die Maatskappywet

### 3.1 Besluit

Die Maatskappy en/of enige van sy filiale is en word hiermee by wyse van 'n algemene magtiging gemagtig om te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van 2 (twee) jaar beginnende op die datum van die aanname van hierdie spesiale besluit, onderworpe aan die bepalings van artikel 45 van die Maatskappywet, finansiële bystand in enige vorm of bedrag aan enige maatskappy of korporasie wat verwant of onderling verwant aan die Maatskappy is (soos in die Maatskappywet gedefinieer), te verleen ooreenkomstig sodanige bepalings en voorwaardes wat die direksie van tyd tot tyd mag bepaal.

### 3.2 Verduideliking

Die rede vir en die uitwerking van hierdie spesiale besluit is om die Maatskappy en/of enige van sy filiale te magtig om finansiële bystand by wyse van lenings, waarborge, die verskaffing van sekuriteit of andersins, aan enige maatskappy wat verwant of onderling verwant aan die Maatskappy is, dws sy filiale, te verleen. Die spesiale besluit magtig nie die verlening van finansiële bystand aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy of enige maatskappy of persoon wat aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy verwant is nie, omdat die Maatskappy nie sodanige finansiële bystand verleen nie.

Die direksie moet, voor magtiging van die verlening van enige finansiële bystand wat in hierdie spesiale besluit beoog word, voldoen aan die vereistes wat in artikel 45 van die Wet met betrekking tot, onder andere, solvensie en likiditeit en billike en redelike finansiële bystand uiteengesit word.

### 3.3 Goedkeuringsdrempel

Die aanname van hierdie spesiale besluit vereis die steun van minstens 75% van die totale getal stemme waarop die aandeelhouers wat op hierdie algemene jaarvergadering teenwoordig is of by volmag daarop verteenwoordig word, geregtig is om uit te bring.

#### Ander sake

Om sodanige ander sake wat op 'n algemene jaarvergadering afgehandel mag word, af te handel.

## Openbaarmaking ooreenkomstig die Noteringsvereistes van die JSE met betrekking tot spesiale besluit nummer 1 vereis

### Verklaring van solvensie en likiditeit

Die direksie bevestig dat die Maatskappy nie met 'n algemene terugkoop van aandele ten opsigte van spesiale besluit nummer 1 sal begin nie tensy, vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande na die datum van die algemene terugkoop soos in spesiale besluit nummer 1 beoog:

- die Maatskappy en die Clover-groep se bates die laste van die Maatskappy en die Clover-groep sal oorskry. Vir hierdie doeleinde sal die bates en laste erken en gemeet word in ooreenstemming met die rekeningkundige beleide wat gebruik word in die jongste geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate wat aan die Maatskappywet voldoen;
- die aandeelkapitaal en reserwes van die Maatskappy en die Clover-groep toereikend vir gewone sakedoeleindes sal wees;
- die bedryfskapitaal tot beskikking van die Maatskappy en die Clover-groep toereikend vir gewone sakedoeleindes sal wees; en
- die Maatskappy en die Clover-groep in staat sal wees om hulle skuld te betaal na gelang dit in die gewone gang van sake verskuldig word.

## Verklaring van direkteursverantwoordelikheid

Die direkteure, wie se name op bladsye 16 – 18 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2015 verstrek word, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die juistheid van die inligting wat met betrekking tot spesiale besluit nummer 1 verstrek word en sertifiseer dat, na hulle beste wete en oortuiging, geen feite weggelaat is wat enige stelling onjuis of misleidend sal maak nie en dat alle redelike navrae om sodanige feite vas te stel, gedoen is en dat spesiale besluit nummer 1 alle inligting bevat wat volgens wet en die Noteringsvereistes van die JSE vereis word.

## Algemene inligting

- Die finansiële jaarstate verskyn op bladsy 135 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2015;
- Inligting met betrekking tot die groot aandeelhouers verskyn op bladsy 14 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2015;
- Inligting met betrekking tot die Maatskappy se aandeelkapitaal verskyn op bladsy 14 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2015; en
- Geen wesentliche veranderinge in die finansiële of handelsposisie van die Maatskappy en die Clover-groep het sedert die datum van die ouditverslag en die ondertekening van hierdie kennisgewing van algemene jaarvergadering plaasgevind nie.

## Aanstelling van gevolmagtigdes

Enige aandeelhouer wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem, is geregtig om een of meer gevolmagtigdes aan te stel om dit by te woon, daarop te praat en, by 'n stemming met stembriefies of deur handopsteking, in sy of haar plek te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer te wees nie. Volmagvorms moet teen nie later nie as om 10:00 op Donderdag, 26 November 2015 deur die oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107), telefaksnommer +27 11 688 5238, ontvang word. Enige volmagvorm wat nie teen dié tyd ontvang word nie, moet onmiddellik voor die aanvang van die algemene jaarvergadering aan die voorsitter oorhandig word.

## Vertolking van hierdie kennisgewing

All references in this notice of Annual General Meeting to the:

- "Noteringsvereistes van die JSE" beteken die Noteringsvereistes van JSE Beperk, soos van tyd tot tyd gewysig en soos deur JSE Beperk vertolk en toegepas;
- "Maatskappywet" beteken die Maatskappywet, No. 71 van 2008, soos gewysig; en
- "Maatskappyregulasies" beteken die Maatskappyregulasies, 2011, soos gewysig.

Op las van die direksie



J van Heerden

Maatskappysekreteraris

28 September 2015

## CLOVER INDUSTRIES BEPERK

(Registrasiensnommer 2003/030429/06)  
 (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)  
 (Gewone aandeelkode: CLR)  
 (NSX gewone aandeelkode: CLN)  
 (ISIN: ZAE000152377)  
 (die "Maatskappy")

### VOLMAGVORM VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Houers van gewone aandele sal geregtig wees om ten opsigte van al die besluite wat op die algemene jaarvergadering aan aandeelhouders van die Maatskappy ("aandeelhouders") voorgestel word, te stem. Hierdie volmagvorm is vir gebruik deur gesertifiseerde gewone aandeelhouders en houers van gedematerialiseerde aandele wie se aandele op Vrydag, 20 November 2015 ("rekorddatum"), te wete die rekorddatum vir die algemene jaarvergadering wat om 10:00 op Vrydag, 27 November 2015 by Constantia-rylaan 200, Constantia Kloof, Roodepoort, gehou gaan word, in hulle eie name opgeteken is (sien notas 1 en 2).

Vir opdragte oor die gebruik van hierdie volmagvorm en 'n opsomming van die regte van die aandeelhouders om by volmag verteenwoordig te word en van die gevolmagtigde, verwys asseblief na die opdragte en aantekeninge onderaan hierdie vorm.

Ek/Ons (name voluit in BLOKLETTERS asseblief)

Van (adres)

Selfoon

E-posadres

Telefoon (werk)

(huis)

wat die houer van ( ) gewone aandeel/aandele is,

stel hiermee aan (sien aantekening 1)

of by ontstentenis van hom/haar,

of by ontstentenis van hom/haar, die voorsitter van die algemene jaarvergadering,

as my/ons gevolmagtigde om vir en namens my/ons deel te neem aan, en te praat en te stem op, die algemene jaarvergadering wat gehou sal word met die doel om die besluite wat op die algemene jaarvergadering, en op elke verdagting van die algemene jaarvergadering, voorgestel en oorweeg gaan word, te oorweeg en, indien goedgevind, dit met of sonder enige wysiging aan te neem en om ten gunste van of teen genoemde besluite te stem of buite stemming te bly ten opsigte van die gewone aandele wat in my/ons naam/name geregistreer is, in ooreenstemming met die volgende opdragte (sien aantekeninge 4 en 6).

		Gewone aandele		
Getal stemme		*Ten gunste van	*Teen	*Buite stemming
<b>A</b>	<b>Normal business</b>			
1	Gewone besluit nummer 1: Aanbieding van finansiële jaarstate			
2	Gewone besluit nummer 2: Herkiesing van Dr SF Booysen, wat volgens rotasie uitgetree het, tot 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur			
3	Gewone besluit nummer 3: Herkiesing van Mnr JNS du Plessis, wat volgens rotasie uitgetree het, tot 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur			
4	Gewone besluit nummer 4: Herkiesing van Me NV Mokhesi, wat volgens rotasie uitgetree het, tot 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur			
5	Gewone besluit nummer 5: Heraanstelling van onafhanklike eksterne ouditeure			
6	Gewone besluit nummer 6: Verkiesing van Dr SF Booysen tot 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee.			
7	Gewone besluit nummer 7: Verkiesing van Mnr JNS du Plessis tot 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee			
8	Gewone besluit nummer 8: Verkiesing van Me B Ngonyama tot 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee			
9	Gewone besluit nummer 9: Verkiesing van Mnr TA Wixley tot 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee			
10	Gewone besluit nummer 10: Goedkeuring van die Clover-groep se Vergoedingsbeleid			
<b>B</b>	<b>Spesiale sake</b>			
1	Spesiale besluit nummer 1: Algemene magtiging om aandele terug te koop			
2	Spesiale besluit nummer 2: Vergoeding van nie-uitvoerende direkteure			
3	Spesiale besluit nummer 3: Finansiële bystand ooreenkomstig artikel 45 van die Maatskappywet			

\* Voeg 'n X in die toepaslike ruimte hierbo in om aan te dui hoe u wil hê dat u stem uitgebring moet word. As u eger u stemme ten opsigte van minder as u totale gewone aandeelbesit in die Maatskappy wil uitbring, voeg die getal gewone aandele ten opsigte waarvan u wil stem in (sien aantekening 5).

Handtekening

Onderteken te

op

2015

Bygestaan deur my (indien van toepassing)

## OPSOMMING VAN REGTE VERVAT IN ARTIKEL 58 VAN DIE MAATSKAPPYWET

Kragtens artikel 58 van die Maatskappywet:

- 'n Aandeelhouer mag te eniger tyd, en in ooreenstemming met die bepalings van artikel 58 van die Maatskappywet, enige individu (insluitende 'n individu wat nie 'n aandeelhouer is nie) as 'n gevolmagtigde aanstel om aan die algemene jaarvergadering deel te neem en namens sodanige aandeelhouer daarop te praat en te stem.
- 'n Gevolmagtigde mag sy of haar magtiging om namens die aandeelhouer te handel aan 'n ander persoon delegeer, onderworpe aan enige beperking wat uiteengesit word in die instrument wat sodanige gevolmagtigde aanstel. Ongeag die vorm van instrument

wat gebruik word om 'n gevolmagtigde aan te stel, word die aanstelling van 'n gevolmagtigde te eniger tyd en in die mate dat die betrokke aandeelhouer kies om direk en persoonlik te handel om enige sodanige aandeelhouer se regte as 'n aandeelhouer uit te oefen, opgeskort.

- Enige aanstelling deur die aandeelhouer van 'n gevolmagtigde is herroeplik, tensy die vorm van instrument wat gebruik word om sodanige gevolmagtigde aan te stel die teendeel aandui.
- Enige aanstelling bly tot afloop van die algemene jaarvergadering (of enige verdagting daarvan) geldig, tensy dit op die wyse wat daarin beoog word herroep word.

- Indien 'n aanstelling van 'n gevolmagtigde herroeplik is, mag die aandeelhouer die aanstelling van 'n gevolmagtigde herroep deur: (i) dit skriftelik te kanselleer of 'n latere strydige aanstelling van 'n gevolmagtigde te doen; en (ii) 'n afskrif van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en aan die Maatskappy te besorg.
- 'n Gevolmagtigde wat deur die aandeelhouer aangestel is, is geregtig om, sonder opdrag, enige stemreg van sodanige aandeelhouer uit te oefen, of ten opsigte daarvan buite stemming te bly, behalwe in die mate dat die akte van oprigting van die Maatskappy, of die instrument wat die gevolmagtigde aanstel, die teendeel bepaal.

## OPDRAGTE EN AANTEKENINGE BY HIERDIE VOLMAGVORM

- Hierdie volmagvorm moet slegs gebruik word deur aandeelhouders wie se aandele op die rekorddatum van die algemene jaarvergadering in hulle eie name geregistreer is en wat 'n ander persoon wil aanstel om hulle op die algemene jaarvergadering te verteenwoordig. Indien behoorlik gemagtig, mag maatskappye en ander regs persone wat aandeelhouders van die Maatskappy is, wat aandele het wat in hulle eie name geregistreer is, 'n verteenwoordiger aanstel, in plaas daarvan om hierdie volmagvorm in te vul, om hulle te verteenwoordig en al hulle regte op die algemene jaarvergadering uit te oefen deur skriftelik kennis te gee van die aanstelling van daardie verteenwoordiger. Ander aandeelhouders moet nie hierdie volmagvorm gebruik nie.
- Alle voordelige houers wat hulle aandele deur middel van 'n Sentralesekuriteitebewaarpakket-deelnemer ('SSBD') of makelaar gedematerialiseer het, en wat nie hulle aandele in hulle eie naam geregistreer het nie, moet hulle SSBD of makelaar van hulle stemopdragte voorsien. So nie, indien hulle die algemene jaarvergadering persoonlik wil bywoon, moet hulle die SSBD of makelaar versoek om hulle, ooreenkomstig die bewaringsooreenkoms wat tussen die voordelige eienaar en die SSBD of makelaar aangegaan is, van 'n verteenwoordigingsbrief te voorsien.
- Hierdie volmagvorm sal nie op die algemene jaarvergadering effektief wees nie tensy dit teen nie later nie as om 10:00 op Donderdag, 26 November 2015 by die Maatskappy se oordragkantoor, Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107), telefaksnommer (011) 688 5238, ontvang word. Indien 'n aandeelhouer nie hierdie volmagvorm by dié adres wil aflewer nie, kan dit ook op risiko van die aandeelhouer na Posbus 6161, Weltevredenpark, 1715, gepos word. Enige volmagvorme wat nie teen dié tyd ontvang word nie, moet onmiddellik voor die algemene jaarvergadering aan die voorsitter van die algemene jaarvergadering oorhandig word.
- 'n Aandeelhouer mag die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse invul in die ruimte/s wat voorsien word, welke gevolmagtigde nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy hoef te wees nie, deur of sonder om "die voorsitter van die algemene jaarvergadering" te skrap, maar enige sodanige skraping moet voluit deur die aandeelhouer onderteken word, met dien verstande dat:
  - Indien meer as een naam ingevoeg word, die persoon wie se naam eerste op hierdie volmagvorm staan en wat op die algemene jaarvergadering teenwoordig is, geregtig sal wees om met uitsluiting van diegene wie se name volg as gevolmagtigde te handel.
  - Indien die naam van die gevolmagtigde nie ingevoeg word nie, die voorsitter van die algemene jaarvergadering as gevolmagtigde aangestel sal word.
  - Die gevolmagtigde wat in hierdie volmagvorm aangestel word, die magtiging wat in hierdie volmagvorm aan hom verleen word, mag delegeer deur 'n verdere volmagvorm, wat ingevul word op 'n wyse wat strook met die magtiging wat in hierdie volmagvorm aan die gevolmagtigde verleen word, by die Maatskappy af te lewer op die wyse wat deur hierdie opdragte vereis word.
  - Tensy herroep, die aanstelling van 'n gevolmagtigde ooreenkomstig hierdie volmagvorm tot afloop van die algemene jaarvergadering geldig bly, selfs al word die algemene jaarvergadering of 'n deel daarvan uitgestel of verdaag.
- Aandeelhouders moet 'n "X" in ooreenstemming met die wyse waarop hulle wil hê dat hulle stemme uitgebring moet word invoeë in die ruimte wat voorsien word. Indien 'n aandeelhouer egter sy stemme ten opsigte van 'n kleiner getal aandele wil uitbring as dit wat hy in die Maatskappy besit, moet hy die getal aandele wat gehou word ten opsigte waarvan hy wil stem, invoeë. Indien daar medehouders van enige aandele is, hoef slegs dié houër wie se naam eerste in die aandeelhoudersregister van die Maatskappy ten opsigte van sodanige aandele staan hierdie volmagvorm te onderteken.
- Die volmagvorm word, benewens die magtiging wat kragtens die Maatskappywet verleen word, geag die bevoegdheid te verleen om oor die algemeen op die algemene jaarvergadering te handel, onderworpe aan die spesifieke opdrag aangaande die stemwyse in hierdie volmagvorm of ingevolge afsonderlike skriftelike opdragte wat hierdie volmagvorm vergesel. 'n Gevolmagtigde is dienoreenkomstig geregtig om enige stemreg van die aandeelhouer sonder opdrag uit te oefen, of buite stemming te bly, behalwe in die mate dat die stemopdragte op die volmagvorm aangedui word of ingevolge afsonderlike skriftelike opdragte wat hierdie volmagvorm vergesel. Sonder om afbreuk aan die voorgaande te doen, sal geeneen van die volgende omstandighede kwalifiseer of vertolk word as of geag word 'n kwalifisering te wees van die bevoegdheede van die gevolmagtigde waarna hierbo verwys word, nie.
  - die aandeelhouer dui nie op hierdie instrument aan dat die gevolmagtigde ten gunste van, of teen, enige besluit moet stem of buite stemming moet bly nie; of
  - die aandeelhouer gee strydige opdragte met betrekking tot enige aangeleentheid; of
  - enige bykomende besluit/e word behoorlik aan die algemene jaarvergadering voorgelê; of
  - enige besluit wat in die volmagvorm gelys word, word verander of gewysig.
- 'n Aandeelhouer of die gevolmagtigde is nie verplig om al die stemme wat deur die aandeelhouer of by volmag uitgeoefen kan word, uit te oefen nie, maar die totaal van die stemme wat uitgebring word ten opsigte waarvan weerhouding opgeteken word, mag nie die totale getal steme wat deur die aandeelhouer of by volmag uitgeoefen kan word, oorskry nie.
- Indien hierdie volmagvorm deur 'n persoon namens die aandeelhouer onderteken word (ondertekenaar), hetsy ooreenkomstig 'n prokurasie of andersins, sal hierdie volmagvorm nie effektief wees nie tensy: (i) dit vergesel word van 'n gesertifiseerde afskrif van die magtiging wat deur die aandeelhouer aan die ondertekenaar verleen is; of (ii) die Maatskappy reeds 'n gesertifiseerde afskrif van daardie magtiging ontvang het.
- Enige veranderinge of regstellings aan hierdie volmagvorm moet voluit onderteken word en nie geparafeer word nie. Indien hierdie volmagvorm kragtens 'n prokurasie of ander vorm van magtiging, of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan, moet sodanige prokurasie of ander vorm van magtiging, of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan, tesame met hierdie volmagvorm vir optekening gestuur word (tensy dit reeds deur die oordragsekretaris opgeteken is). 'n Minderjarige moet deur sy of haar ouer of voog bygestaan word tensy die relevante dokumente wat sy of haar regsbevoegdheid staaf voorgelê word of deur die oordragsekretaris opgeteken is.
- Die invul en indiening van hierdie volmagvorm sal nie die betrokke aandeelhouer daarvan weerhou om die algemene jaarvergadering by te woon en persoonlik op die algemene jaarvergadering te praat en te stem nie met uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ooreenkomstig hierdie volmagvorm aangestel word.
- Hierdie volmagvorm word herroep indien die aandeelhouer wat die volmag verleen het:
  - skriftelik aan die Maatskappy kennis gee van die kansellering van die aanstelling van die gevolmagtigde, sodat dit teen nie later nie as om 10:00 op Donderdag, 26 November 2015 by Constantiylaan 200, Constantia Kloof, Roodepoort, 1709, per hand deur die Maatskappy ontvang word;
  - 'n ander gevolmagtigde vir die algemene jaarvergadering aanstel; of
  - die algemene jaarvergadering persoonlik bywoon.
- Die voorsitter van die algemene jaarvergadering mag enige vorm van volmag aanvaar wat anders as in ooreenstemming met hierdie aantekeninge ingevul is, indien die voorsitter hom vergewis het van die wyse waarop die aandeelhouer wil stem.
- Alle kennisgewings met betrekking tot die Maatskappy wat 'n aandeelhouer geregtig is om te ontvang, moet steeds aan daardie aandeelhouer gestuur word en moet nie aan die gevolmagtigde gestuur word nie.
- Bykomende volmagvorme is op versoek verkrygbaar van die oordragsekretaris.